



## South African Wood Preservers Association

Geagte Lede,

### NUWE VOORSITTER AANGEWYS VIR SAWPA

Van die SAWPA kantoor en namens al die lede van SAWPA sê ons totsiens aan Dave Mullin wat sedert 22 September 2010 tot 22 September 2017 voorsitter van SAWPA was, en bedank ons hom vir sy leierskap tydens hierdie periode. Dit is dan ook 'n voorreg om aan te kondig dat Dave Mullin tydens die AJV genomineer en toekenning gegee is as ere lid van SAWPA vir sy afgelope rol as voorsitter asook vir meer as 37 jaar se toewyding aan die houtbehandelingsbedryf. Ons wens vir Dave alle voorspoed toe met su toekomsplanne en met die uitleef van sy passie as fotograaf.

Namens SAWPA lede wil ons dan ook graag vir David Bergman verwelkom wat tydens die onlangse AJV gehou op 22 September 2017 genomineer en verkies is as die nuwe voorsitter van SAWPA. David is nie onbekend met die houtbehandelingsbedryf nie aangesien hy van 1987 tot 2011 'n klas 1 behandelaarslid van SAWPA was, waar hy uit die bedryf getree het om ander besigheidbelange na te streef. Hy het ook vir vele van sy jare as lid van SAWPA op die SAWPA uitvoerende komitee gedien as voorsitter van die Gauteng & Noord Wes streek.

Voor sy betrokkenheid by die bedryf was David vir 10 jaar betrokke by georganiseerde besig en werksaam by die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI). Hy het op verskeie statutêre en nie-statutêre liggame gedien tydens sy termyn by die AHI. Hy was ook 'n van die Metriseringsadviesraad onder die vaandel van die SABS met die implementering van die oorskakeling vanaf empiriese na metrieke maatstelsels toe. David is tans baie aktief as 'n sportadministrateur as President van Centurion Rugby Klub, en Vise President en lid van Uitvoerende komitee van die Bloubaai Rugby Unie, dienende op verskeie subkomitees van die Unie.

### NUUTSTE OMVATTENDE LOON- EN INDIENSNEMINGSVOORWAARDES VIR SAAGMEUL SEKTOR – EFFEKTIEF 1 JULIE 2017 TOT 30 JUNIE 2018

Die nuutste omvattende ooreenkoms op lone en indiensnemingsvoorwaardes vir die saagmeulkamer (ingesluit houtbehandelingsaanlegte, gesaagde hout en pale), is reeds op die 3 Augustus 2017 deur die onderhandelingspartye onderteken.

Loonverhogings: Die partye het ooreengekom op 'n loonverhoging van nie minder nie as 7.0% op die huidige werklike basiese loon, effektief vanaf 1 Julie 2017 vir alle werknemers in die onderhandelingsseenheid.

Minimumloon: Die industrie se minimumloon is verhoog met 11.3% tot R3 450 p.m. terugwerkend vanaf 1 Julie 2017.

Die ooreenkoms is geldig tot 30 Junie 2018.

'n Afskrif van die volle ooreenkoms is verkrygbaar by SAWPA, kan afgelaai word van ons webtuiste deur te gaan na TOPICAL ISSUES en onder "Bargaining Council for the Wood and Paper Sector" te kyk, of deur direk op die volgende skakel in te gaan ["Substantive Agreement on Wages and other Conditions of Employment for the Sawmilling Chamber"](#).

## IRG49 SANDTON – 29 APRIL TOT 3 MEI 2018 – AANGEBIED DEUR SAWPA



Bepanning vir die IRG 49 konferensie vanaf 29 April tot 3 Mei 2018 is in volle swang. Die webtuiste [www.irg49.co.za](http://www.irg49.co.za) word gereeld opdateer met nuwe inligting . Inligting oor die vergaderplek, akkommodasie, registrasie, borgskappe, metgeselprogramme, studiehulp toekennings ens., is onlangs bygevoeg. Die aanbied van 'n internasionale konferensie soos die is nie moontlik sonder borge nie, en enige organisasie/maatskappy wat dalk belangstel om betrokke te raak as 'n borg kan na die [borge blad](#) van die webtuiste gaan, of vir SAWPA kontak vir meer inligting rakende die beskikbare pakkette. Die pakkette maak voorsiening vir verskillende vlakke van borgskappe en gee erkenning deur middel van blootstelling voor en tydens die konferensie. Lede wat belangstel om die konferensie by te woon sal bly wees om te verneem dat die IRG-WP goedkeuring gegee het vir aansienlike laer konferensiefooi van 2 500 SEK (±R4 200) vir alle plaaslike en Afrika woonagtige afgevaardigdes, en 600 SEK (±R1 000) vir plaaslike en Afrika woonagtige studente. Dit sluit in 'n verwelkomingsfunksie, drie en 'n half dae konferensie, ingesluit koffie breuke en middagetes, 'n halfdag uitstappie, en 'n banketdinee. 'n spesiale reisbeurs is ook beskikbaar gestel deur 'n aansoekproses vir plaaslike en Afrika woonagtige studente wat 'n voorlegging by die konferensie aanbied. In ligting oor die registrasie en reisbeurs kan gekry word op die [www.irg49.co.za](http://www.irg49.co.za) webtuiste onder "Conference" hoof.

### NUUSBROKKIES

- Die besoeke aan die SAWPA webtuiste gedurende Augustus en September was onderskeidelik 42695 and 43283.
- Ons se graag welkom aan die volgende nuwe SAWPA lede:
  - PPCF Boerdery – Piet Retief – Klas 1 behandelarslid
  - ICS Hydrocarbons – Kaapstad/ Sasolburg – Klas 1 chemieseverskafferlid
  - LynnrIDGE Timbers – Pretoria – Klas 2 behandeldehout en paal verskaffer
- Die 2018 SAWPA kalenders is gereed en sal binne die volgende week of so aan lede sowel as, argitekte, ingenieurs en handlears gestuur word. Hou asseblief n ogie oop vir die afleweringenskennisgewing van die poskantoor aangesien vele kalenders jaarliks teruggestuur word omdat dit nie afgehaal word nie.
- Die baie populêre "Wonder of Wood" sowel as die "What you need to know when buying and using Preservative Treated Timber" A1 grote plakkaat is onlangs herdruk op duursamer en dikker kartonpapier. Kontak asseblief vir Sue indien u wil he ons moet nuwe kopieë aan u stuur.
- Aangeheg is n baie interessante artikel wat handel oor "Cross Laminated Timber" (CLT), wat n ingenieurs-ontwikkelde houtbordprodukt is wat gebruik word vir die oprig van in multivlakgeboue. Die artikel kom uit die <https://www.theengineer.co.uk/timber-towers-wooden-skyscraper/>. CLT geboue is reeds in vele lande gebruik vir die oprig van multivlak geboue, insluitend Amerika, Kanada, Brittanje, Swede, Noorweë, Australië ens.

Groete

**BRUCE BREEDT**

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbriëf gemaak is nie.